Ontmoeting 21

Paulus in

Mense reageer verskillend op die boodskap van Christus.
Teks: Handelinge 19: 1-20
Hulpmiddels:

- 3 plakkate of borde om op te skryf
- Afskrifte van 2 Korintiërs 5:17
- Afvalmateriaal vir die aktiwiteit van jou keuse

WELKOM

Speletjie:
Raai wie is agter die kombers?
Deel in twee groepe.
Hou 'n kombers op tussen die twee groepe kinders. Hulle moet mekaar nie kan sien nie. Die groepe kry om die beurt 'n kans om een kind aan te wys wat dan sy hand of voet onder die kombers deur steek. Die ander groep moet raai aan wie die hand/voet behoort.
Beroemde mense: *(Kies self persone wat goed bekend is aan jou kinders. Hierdie is net 'n voorbeeld.)*
Leidrade:

1. Ek dink aan iemand. Hy is 'n sportman. Hy is van Jamaika. Hy is die vinnigste man oor 100 en 200m.
2. Ek dink aan iemand. Sy is 'n sangeres. Sy het eers met twee name opgetree, haar eie naam en 'n verhoog naam. Sy was 'n oulike dogtertjie, maar nou is sy ouer en doen stout dinge.
3. Ek dink aan iemand. Hy speel rugby. Hy is 'n kaptein. Hy is blond. Hy is lank. Sy posisie is altyd nr. 12.

WYDING

Temalied: "I have decided"
Stilword-ritueel:
Laat die kinders hul ogies toemaak en tjoepstil bly. Sê vir hulle in 'n rustige stem die volgende:
"Dink bietjie oor die volgende vrae sonder om hardop te antwoord: Toe jy vanoggend wakker geword het, was dit vir jou lekker of sleg in julle huis? Toe jy uit die huis uitgegaan het, was die mense op julle pad vriendelik of onbeskof? Toe jy by jou skool aangekom het, was jou maatjies vriendelik met jou of het hulle jou sleg laat voel? Was die dag in die skool vir jou lekker of minder lekker? Sê in jou hartjie vir die Here dankie dat Hy nog die hele dag by jou was." Sê "Amen" na 30 sekondes van stilte.

WOORD

Paulus gaan nou vir die derde keer op reis. Hy wou graag die gemeentes waar hy vroëer was, besoek. Hy wou hulle raadgee, want daar het mense gekom wat verkeerde dinge preek en die mense deurmekaar maak.

Op hierdie lang reis kom hy weer in Efese.

In Efese het Paulus vir verskillende mense van Jesus geleer. Kom ons kyk na 3 soorte mense wat Paulus in Efese ontmoet het en wat hulle gedoen het toe hulle van Jesus hoor. Ons gaan soos speurders maak en alles wat ons oor die mense uitvind op 'n plakkaat skryf.

Stel 'n plakkaat op met die gegewens van elke groep mense ("case studies"). Bo-aan elkeen is die opskrif en soos jy vertel, plak jy die ander gegewens op. As jy goed kan teken of oulike prente kan bysit, sal dit baie interessant wees.

1. "Christene"

⇒ **Mense wat sê hulle is Christene**

⇒ **Hulle het nog nie die hele storie van Jesus gehoor nie**

⇒ **Hulle het by Johannes die Doper geleer**

⇒ **Hulle weet nie dat die Heilige Gees gekom het nie**

⇒ **Hulle luister na Paulus en glo wat hy vertel**

⇒ **Paulus doop hulle**

⇒ **Die Heilige Gees kom in hulle lewens**

⇒ **Hulle vertel vir mense van God**

Paulus kom in Efese en hoor van *mense wat sê hulle is Christene*. Hy gaan besoek hulle en terwyl hy met hulle gesels, kom hy agter dat *hulle nog nie die hele storie van Jesus gehoor nie*. Hulle het *nie eers*

geweet dat die Heilige Gees uitgestort is nadat Jesus opgevaar het hemel toe nie.

"Ons het by *Johannes die Doper* gehoor van Jesus. Toe hy ons gedoop het, het hy ons vertel dat die Heilige Gees eendag gaan kom. Ons het nie geweet dat die Heilige Gees al gekom het nie."

Paulus sê toe vir hulle: "Onthou, Johannes het mense gedoop net omdat hulle jammer was oor hulle sonde, maar hy het vir julle gesê dat Iemand anders sou kom. Sy Naam is Jesus. Julle moet *in Hom glo."*

Hulle vra vir *Paulus om hulle weer te doop*, maar in Jesus se Naam. Paulus het hulle gedoop en *die Heilige Gees het in hulle lewe gekom*. Hy het hulle dapper gemaak, hulle het in tale gepraat en *hulle het vir mense van God vertel*.

Die kinders reageer:

1. Ek wonder wat was vir jou 'n goeie ding van die mense in die storie.
2. Ek wonder wat was vir jou die belangrikste in die storie.

2. Die 7 Seuns van Skeva

⇒ **Hulle pa was 'n belangrike leier**

⇒ **Hulle het van dorp tot dorp gereis**

⇒ **Hulle het duiwels uit mense gedryf**

⇒ **Hulle het duiwels met Jesus se Naam probeer uitdryf.**

⇒ **Hulle is aangerand**

⇒ **Hulle het geleer dat jy nie Jesus se Naam mag misbruik nie**

Skeva was '*n belangrike Joodse leier*. Hy het sewe seuns gehad. Hierdie seuns het *van een plek na 'n ander gegaan*. Hulle het dan *die duiwels wat in mense gebly het, uitgejaag*. Eendag hoor die sewe seuns ook van Jesus en van die wonderwerke wat gebeur. Hulle het gesien dat God vir Paulus help om wonderwerke te doen. As siek mense net aan Paulus se klere geraak het, het hulle gesond geword en duiwels het uit mense gegaan.

Hierdie sewe seuns het *gedink as hulle Jesus se Naam gebruik*, kan hulle baie meer duiwels uitdryf en dan sal die mense baie van hulle hou. Hulle kom toe by 'n man in wie daar duiwels was. Hulle sê: "Duiwels, Jesus wil hê dat julle uit hierdie man moet uitgaan. Dit is dieselfde Jesus van Wie Paulus altyd vir mense vertel." Een van die duiwels antwoord: "Ek weet Wie is Jesus, ek weet ook wie is Paulus. Maar vir julle ken ek glad nie. Wie dink julle is julle miskien?"

Die man met die duiwels in hom, storm toe op hierdie sewe seuns af. *Hy het hulle links en regs geslaan.* Toe hulle weer sien, was al 7 seuns stukkend geslaan. Die bloed het geloop en hulle klere was geskeur. Toe hardloop hulle weg.

Al die mense in die stad Efese het dit gehoor en baie bang geword.

Hulle het nou gesien 'n mens mag nie net maak of jy vir Jesus dien nie. 'n Mens kan ook nie van die Here 'n grap maak nie. Jesus se Naam is nie 'n toorwoord nie. Hulle het besef dat Jesus regtig God se Seun is en dat 'n mens respek vir Sy Naam moet hê.

Die kinders reageer:

1. Ek wonder wat was vir jou die belangrikste in die deel van die storie.

3. Towenaars en hekse

⇒ **Towenaars en hekse het tot bekering gekom**

⇒ **Hulle het getuig dat Jesus hulle lewens nuutgemaak het.**

⇒ **Hulle het al hulle toorboeke verbrand**

⇒ **Hulle het gekeer dat ander mense nie hierdie verkeerde goed moes lees nie.**

Baie mense het Christene geword. Daar was ook *mense wat toorkunste gedoen het wat hulle lewe vir die Here gegee het*. Hulle het vir mense vertel dat hulle vroëer die krag gehad het om mense te toor, *maar nou het Jesus hulle lewe nuutgemaak*. Hulle het al hulle *toorboeke gebring en dit verbrand.* Hierdie boeke het verskriklik baie geld gekos, maar die hekse en towenaars het nie meer omgegee daarvoor nie. Dit was nou vir hulle niks werd nie en hulle *wou ook nie gehad het dat ander mense dit moes lees nie*. Hulle was mos nou kinders van Jesus. Hy was vir hulle so spesiaal dat al hulle ou goed nie meer vir hulle saak

gemaak het nie.

Al die mense kon sien hoe sterk Jesus is.

Die kinders reageer:

1. Ek wonder wat is vir jou die beste deel van die storie.
2. Ek wonder, as jy kon kies, wie sou jy graag wou wees in een van die stories.

WERSKAF

- Groter kinders: Soek 2 Korintiërs 5:17 en lees die teks. Gee dan 'n afskrif van die teks en laat hulle dit versier vir 'n boekmerk: "Iemand wat in Christus glo, is 'n splinternuwe mens. Al die lelike dinge is verby; die nuwe lewe is hier." (Die By-bel@kinders – vertaling)
- Herwinnings aktiwiteit: Ons gaan nou iets nuuts maak uit iets wat reeds gebruik is.

Sluit af met die seënbede:
"Mag jy verder hierdie week die Here se liefde beleef en dit vir ander gaan vertel. Amen."

Maak 'n bootjie:
Benodighede:
2 wyn proppe, 1 stokkie, karton of gekleurde spons vir vlag
Stap 1: Gom twee proppe aanmekaar met stokkie in die middel.
Stap 2: Druk karton deur die stokkie om die vlaggie te vorm.

Maak 'n Minion:
Benodighede:
Toiletrolletjies, groot plastiek oggies, swart pen, blou en swart karton (afval stukkies)

Maak jou eie voëltjie voerder:
Benodighede: Leë toiletrolletjie, Tou/wol, Saad, Grondboontjiebotter
Vat die toiletrolletjie en maak gaatjies in vir die toutjie. Sit die toutjie deur. Smeer met grondboontjiebotter. Rol dit dan in die saad. Hang op vir die voëltjies.